Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE KOMITEEKAMER: KORPORATIEWE DIENSTE OP DONDERDAG, 18 OKTOBER 2018 OM 11:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdv M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:
Rdl P E Solomons
Rdl O M Stemele
Rdl R F van der Westhuizen
Rdl M van Zyl

Ander raadslede:
Speaker, rdl M Rangasamy

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Bestuurder: Sekretariaat en Rekordsdienste, me N Brand

1. OPENING

Die voorsitter verwelkom lede en versoek Raadsdame M S I Goliath om die vergadering met gebed te open.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Geen verlof tot afwesigheid is ontvang nie.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Geen

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 19 SEPTEMBER 2018

BESLUIT

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 19 September 2018 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

4.3 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 10 OKTOBER 2018

[Regstellings oorgehou as prerogatief van die onderskeie komitees.]

5. OORWEGING VAN AANBEVELINGS EN SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE

5.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 10 OKTOBBER 2018

5.1.1 MUNISIPALE BESTUURDER EN FINANSIES

BESLUIT dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig, onderhewig aan die regstelling onder item 6.1 van die benaming van raadsvrou na raadsdame.

5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE

BESLUIT dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.3 ADMINISTRASIE, ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE

BESLUIT dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig, onderhewig aan die wysiging van die aanhef in

ITEM 4.1 – MAANDVERSLAG: VERKEER- EN WETSTOEPASSINGSDIENS

... Hierdie inligting is aan die WKOD deurgegee en daar sal gepoog word om die padwaardigheid van busse kwartaalliks te toets i.p.v. elke ses (6) maande.

6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

7. NUWE SAKE

7.1 AANSTELLING VAN LEDE VAN DIE OUDITKOMITEE (5/15/1/3)

Die munisipaliteit word ingevolge artikel 166 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 verplig om 'n ouditkomitee aan te stel wat as onafhanklike adviserende liggaam dien.

Verder word daar ingevolge MFMA Omsendbrief 65 aanbeveel dat lede van die ouditkomitee op 'n gereelde basis roteer ten einde die onafhanklikheid van die ouditkomitee te verseker.

BESLUIT

(a) Dat, met in ag neming van die samestelling van die bestaande komitee ten opsigte van vaardighede, mnr C B De Jager met ingang van 1 November 2018 op die Prestasie- en Risiko-ouditkomitee vir drie (3) jaar aangestel word. Dat goedkeuring verleen word dat die aanstelling ooreenkomstig die vergoedingstarief soos bepaal deur die Uitvoerende Burgemeesters-komitee op 9 Desember 2015 gedoen word;

(b) Dat die aanstelling van me M Roos en mnr R I Kingwill as lede van die Prestasie-ouditkomitee verleng word vanaf 1 Januarie 2019 tot 31 Desember 2019 soos voorgeskryf in artikel 14(2)(a) van Plaaslike Regering: Munisipale Beplanning en Prestasiebestuursregulasies van 24 Augustus 2001;

(c) Dat verdere goedkeuring verleen word dat mnr De Jager ook op die Prestasie-ouditkomitee aangestel word en daarop sal dien vir dieselfde tydperk as die ander twee lede soos in paragraaf (b) hierbo aangedui.

7.2/...

7.2 VERSLAG AANGAANDE DIE IMPLEMENTERING VAN DIE VOORSIENINGS-KANAALBESTUURSBELEID VIR DIE PERIODE 1 JULIE 2018 TOT 30 SEPTEMBER 2018 (8/1/B/2)

'n Verslag aangaande die implementering van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid moet op 'n kwartaallikse basis ingevolge paragraaf 6(3) van die Munisipale Voorsieningskanaalbestuursregulasies aan die Uitvoerende Burgemeester voorgelê word.

Die verslag vir die periode 1 Julie 2018 tot 30 September 2018 is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die kwartaallikse verslag van die Voorsiening-kanaalbestuursbeleid se implementering vir die periode 1 Julie 2018 tot 30 September 2018, wat ingevolge artikel 6(3) van die Regulasies voorgelê moet word asook die verslae van die Formele Tenders (Aanhangsel A), Informele Tenders (Aanhangsel B) en die Afwykingsverslag (Aanhangsel C);

(b) Dat verder kennis geneem word van die dienste wat vir dieselfde periode gelewer is, met verwysing na die uitsonderings waar dit onprakties sou wees om die mark te toets en gevolglik aanleiding gegee het tot 'n afwyking van die verkrygingsprosesse ingevolge paragraaf 2(6) van die Voorsiening-kanaalbestuursbeleid (Bylae D).

7.3 KAAPSE/WESKUS SWARTLAND TOERISME-ORGANISASIE: 2017/2018 FINANSIëLE JAAR: (1) VOORSITTERSVERSLAG; (2) PRESTASIE BESTUURSINDIKATORE; (3) FINANSIëLE STATE (9/1/3/2/1)

Die voormelde verslae word aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorgelê ingevolge die bepalings van die Raad se Diensvlakooreenkoms met die Kaapse Weskus/Swartland Toerisme-organisasie vir die uitvoering van die bepaalde toerisme funksie.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van
(a) die inhoud van die Voorsittersverslag;
(b) die meting van prestasiebestuursindikatore vir die periode 1 Julie 2017 tot 30 Junie 2018; en
(c) die inhoud van die finansiële state vir die 2017/2018 finansiële jaar.

7.4 NOTARIëLE HUUROOREENKOMS: LANGTERMYN VERHURING VAN ERF 9206, MALMESBURY AAN DIE *HOPE THROUGH ACTION FOUNDATION* (12/2/4-8/5)

Die Raad het op 30 Augustus 2018 goedkeuring verleen vir die verhuring van erf 9206, Malmesbury aan die *Hope Through Action Foundation* (HTAF) vir 'n termyn van vyftig jaar, en wel teen 'n nominale huurgeld van R100,00 per jaar (BTW uitgesluit).

Die Raad het ook reeds 'n Memorandum van Verstandhouding met HTAF gesluit en is die inhoud van die notariële huurooreenkoms hoofsaaklik hierop gebaseer.

Die Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche, hou verdere wysigings van die notariële huurooreenkoms aan die komitee voor en word

BESLUIT

(a) Dat die wysigings aanvaar word soos voorgehou in terme van paragraaf 14 van die notariële huurooreenkoms;

(b) Dat daar aldus kennis geneem word van die terme en voorwaardes van die notariële huurooreenkoms soos per Aanhangsel A tot die verslag, en dat dit bekragtig word vir ondertekening deur die Direkteur: Korporatiewe Dienste namens die Raad;

7.4/…

(c) Dat goedkeuring verleen word vir die oordrag van regte in die betrokke kapitale bate, synde erf 9206, Malmesbury soos vervat in die huurooreenkoms.

7.5 KALBASKRAAL: VERKRYGING VAN GROND VIR BEHUISINGSDOELEINDES (12/2/2-6/2)

Die hoofrede vir protesoptogte in Kalbaskraal was die gebrek aan behuisingsgeleenthede in die dorp. Die Munisipaliteit beskik egter nie oor geskikte nie en onderhandelinge met privaat eienaars het plaasgevind in ’n poging om grond in Kalbaskraal te bekom.

Die Munisipale Bestuurder noem dat alhoewel grondonteiening nie altyd positief ervaar word nie, dit blyk die enigste opsie te wees waar eienaars nie reageer op die aanbiedinge wat deur die Munisipaliteit gemaak is nie.

Die verslag tot die sakelys bevat die eiendomme wat vir aankope/onteiening geïdentifiseer is wat ’n totale bedrag van R2,282 miljoen beloop (uitgesluit oordragskostes en BTW).

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die eiendomme in Kalbaskraal wat vir verkryging geïdentifiseer is ten einde aan die behuisingsnood te kan voldoen;

(b) Dat volmag aan die Munisipale Bestuurder (of sy genomineerde) verleen word om die aankoop of onteiening van die eiendomme te finaliseer, asook die voorwaardes verbonde daaraan, ten einde so spoedig moontlik okkupasie en die nodige volmagte (vir beplanningsdoeleindes) te bekom, onderhewig daaraan dat die Departement Menslikse Nedersettings die vereiste befondsing toeken en die 2018/2019 kapitaalbegroting dienooreenkomstig aangesuiwer word.

7.6 HUUROOREENKOMS: MALMESBURY INFORMELE HANDELAARS-VERENGIGING (17/12/2/2/1/2/)

Die huurooreenkoms met die Malmesbury Informele Handelaarsvereniging het verstryk en het die vereniging hul begerigheid aangedui om die informele handelaarsarea te Bokomoweg, Malmesbury en ander afgebakende areas vir ’n vedere termyn vanaf die Raad te huur.

BESLUIT

(a) Dat goedkeuring aan die Malmesbury Informele Handelaars Vereniging verleen word om die informele handelsarea te Bokomoweg (en ander afgebakende plekke) vir ‘n verdere termyn van 5 jaar te huur ten bedrae van R970.00, plus BTW, per maand;

(b) Dat die huurvoorwaardes onveranderd bly.

7.7 HUUR VAN MUNISIPALE GROND TE MALMESBURY: SWARTLAND VOORTREKKERS (12/2/4-8/4)

Die Raad verhuur aan die Swartland Voortrekkers ’n gedeelte munisipale meentgrond, ±2082 m², geleë oorkant die Swartland Hoërskool vir die normale opvoedkundige doeleindes van die Voortrekkerbeweging.

Die huurooreenkoms het verstryk en is die aanduiding dat die Swartland Voortrekkers die grond vir ’n verdere termyn vanaf die Raad wil huur.

Besluit/...

7.7/...

BESLUIT

(a) Dat ‘n gedeelte meentgrond (groot ±2082m²) te Malmesbury, aan die Swartland Voortrekkerkommando verhuur word vir ‘n verdere termyn van een (1) jaar m.i.v. 1 September 2018;

(b) Dat huurgeld vasgestel word op R120,00 plus BTW, per jaar;

(c) Dat die huurvoorwaardes onveranderd bly.

7.8 HUUROOREENKOMS: MALMESBURY ROLBALKLUB (17/9/2/R)

Die item word geskrap, aangesien dit reeds op 19 September 2018 voor die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gedien het.

7.9 BEGROTING VIR ONDERHOUD AAN PROVINSIALE HOOFPAAIE: 2019/2020 (5/6/1/1/2)

Die onderstaande tabel toon die beraamde uitgawes ten opsigte van die onderhoud aan provinsiale hoofpaaie in die Swartland munisipale gebied.

Die behoeftes word op ’n jaarlikse basis aan die Provinsiale Distrikspadingenieur voorgelê vir oorweging tydens die begrotingsproses van die betrokke departement.

PAD NO.	**BESKRYWING VAN-NA**	**AKTIWITEIT**	**VERSOEK 2019/2020**
MR 230	Moorreesburg (Langstr)	Onderhoud	Geen
MR 230	Moorreesburg (Piketbergweg)	Onderhoud	Geen
MR 231	Moorreesburg (Langstr)	Onderhoud	R 37 000.00
MR 226	Riebeek Kasteel (Hoofstr)	Onderhoud	R 34 000.00
MR 226	Riebeek Kasteel (Sarel Cilliers Str)	Onderhoud	R 13 000.00
MR 226	Riebeek Kasteel (Piet Retiefstr)	Onderhoud	R 22 000.00
MR 226	Riebeek Kasteel (Hermonweg)	Onderhoud	R 23 000.00
MR 25	Malmesbury (Piet Retiefstr)	Onderhoud	Geen
MR 224	Malmesbury (Bokomoweg)	Onderhoud	R 348 000.00
MR 224	Malmesbury (Darlingweg)	Onderhoud	R 112 000.00
MR 174	Malmesbury (Voortrekkerstr)	Onderhoud	R 884 000.00
MR 215	Darling (Hoofstr)	Onderhoud	R 74 000.00
MR 228	Darling (Evita Bezuidenhout Blvd)	Onderhoud	R 106 000.00
MR 215	Yzerfontein (Haweweg)	Onderhoud	R 23 000.00
MR 25	Malmesbury (Rainierstr)	Rehabilitasie	R 1 650 000.00
MR 224	Malmesbury (Bokomoweg)	Rehabilitasie	R 15 280 000.00
TOTAAL			**R 18 606 000.00**

Besluit/...

7.9/...

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die Begroting van Uitgawes aan Provinsiale Hoofpaaie vir die 2019/2020 finansiële jaar soos hierbo uiteengesit, goedkeur.

7.10 UITSTAANDE DEBITEURE: SEPTEMBER 2018 (5/7/1/1)

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT dat die Raad kennis neem van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir September 2018.

7.11 VERLENGING VAN VERKLARING VAN 'N PLAASLIKE RAMP BINNE DIE GRENSE VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALITEIT: BRAND BY SWARTLAND HOSPITAAL(17/5/1/1)

Die verklaring van die Swartland Hospitaal tot 'n plaaslike ramp is na oorlegpleging met die betrokke Provinsiale Departemente en die Weskus Distriksmunisipaliteit in die Provinsiale Koerant, No 7785 van 23 Junie 2017 afgekondig.

Die verklaring is aanvanklik vir 'n periode van drie maande van krag, waarna dit op 'n maand-tot-maand basis verleng moet word.

BESLUIT

(a) Dat die Uitvoerende Burgemeester ingevolge artikel 55(5)(c) van die Wet op Rampbestuur, Wet 57 van 2002, die verklaring van die Swartland Hospitaal as gevolg van die verwoestende brand tot 'n plaaslike ramp verleng vanaf 31 Oktober 2018 tot 30 November 2018;

(b) Dat 'n versoek aan die Weskus Distriksmunisipaliteit gerig word om die verlenging van die verklaring tot 'n plaaslike ramp te ondersteun;

(c) Dat die goedkeuring van die verlenging van die verklaring aan Provinsie gestuur word vir publikasie in die eersvolgende Provinsiale Koerant.

7.12 SLUITING VAN KANTORE OP 24 DESEMBER EN 31 DESEMBER 2018 (2/6)

Swartland Munisipaliteit het in 2018 die 'Groenste Munisipaliteit-kompetisie' op nasionale vlak gewen. Hierdie prestasie kon slegs bereik word deur die samewerking van elke afdeling of sub-afdeling van die munisipaliteit.

'n Afdag op Maandag, 24 Desember 2018, word voorgestel as beloning aan die personeel vir hul bydraes tot die wen van hierdie gesogte toekenning.

Daar word verder aan die hand gedoen dat die munisipale kantore ook op Maandag, 31 Desember 2018 vir die publiek gesluit word. Voorlopig sal werknemers verplig wees om dit as 'n amptelike verlofdag te neem, maar indien 'n skoon oudit bekom word, sal dit soortgelyk as die 24ste Desember hanteer word.

BESLUIT

(a) Dat goedkeuring verleen word dat die munisipale kantore op Maandag, 24 Desember 2018 en Maandag, 31 Desember 2018 sal sluit vir die dag;

(b) Dat Maandag, 24 Desember 2018 as afdag (nie-werksdag) aan werknemers toegestaan word as beloning vir die "*Greenest Municipality Competition*" nasionale toekenning;

(c) Dat werknemers verlof sal moet insit vir Maandag, 31 Desember 2018, met dien verstande egter dat gemelde dag ook as afdag (nie-werksdag) op die stelsel geregistreer sal word indien die Munisipaliteit 'n skoon oudit behaal;

7.12/...

(d) Dat werknemers wat op die betrokke twee dae sou werk, oortyd betaal word teen die Saterdagtarief;

(e) Dat die normale werksure (08:00 tot 15:45) sal geld vir Vrydag, 21 Desember 2018 en Vrydag, 28 Desember 2018;

(f) Dat kennisgewings by al die betaalpunte in die munisipale gebied en op die webtuiste aangebring word om van die sluiting van kantore kennis te gee.

7.13 ONDERSTEUNING AAN YZERFONTEIN TOERISME: YZERFONTEIN FEES (1 DESEMBER 2018 TOT 10 JANUARIE 2019) (10/1/R)

Versoeke is vanaf die Yzerfontein Toerismeburo ontvang ter ondersteuning van die Yzerfontein Fees wat vanaf 1 Desember 2018 tot 10 Januarie 2019 sal plaasvind.

Die fees is nie winsbejag nie en word gesien as ‘n geleentheid om toerisme in die gebied te bevorder.

BESLUIT

(a) Dat verhoogde dienslewering oor die vakansieseisoen aangepas word as gevolg van verhoogde besoekersgetalle, en – waar nodig – addisionele personeel aan diens gebring moet word;

(b) Dat, soos in die verlede, geen betaling gevorder word vir addisionele dienste nie en dat die versoeke van die Yzerfontein Toerismeburo, soos vervat in die verslag, goedgekeur word;

(c) Dat goedkeuring verleen word vir die gebruik van die fasiliteite van die Munisipaliteit, ingesluit die Yzerfontein Gemeenskapsaal en die Yzerfontein Hawegebied.

7.14 NUWE STRAATNAME VIR PHOLA PARK FASE 3 & 4, MALMESBURY (16/5/6)

BESLUIT dat die item terugverwys word.

7.15 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE: SEPTEMBER 2018 (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die verslag insake die vordering met uitstaande versekeringseise tot en met 30 September 2018.

7.16 VERKOOP VAN UITGEDIENDE BATES PER OPENBARE VEILING (5/14/3/5)

Die Batebestuursbeleid reguleer die beskikking van bates deur te verseker dat dit regverdig, billik, deursigtig, mededingend en koste-effektief geskied en dat daar voldoen word aan die Voorsieningskanaalbestuursbeleid van die Munisipaliteit.

Die kriteria vir wegdoening van bates behels die volgende:

- Die bruikbare leeftyd van die bate het verstryk;
- Die bate is verouderd;
- Dit is onekonomies om die bate te herstel of dit is onherstelbaar.

Die lys van uitgediende bates vir doeleindes van die veiling is met die sakelys gesirkuleer en volg ‘n bespreking om die GMC-brandweervoertuig vanaf die lys te verwyder, sowel as ‘n sleepwa van die Departement: Elektriese Ingenieursdienste.

Besluit/...

7.16/...

BESLUIT

(a) Dat goedkeuring verleen word dat die aangehegte lys van uitgediende bates tydens die openbare veiling verkoop word, en dienooreenkomstig vanaf die bateregister verwyder word, onderhewig daaraan

(i) dat die GMC-brandweervoertuig van die lys verwyder word;

(ii) dat ‘n kosteberaming gedoen word om die GMC-brandweervoertuig weer operasioneel te maak;

(iii) dat, ten einde nie die vloot uit te brei nie, die Buffel-brandweervoertuig, CK 29449, tot die lys gevoeg word van uitgediende bates vir doeleindes van die veiling. Dat die kapitaalbegroting met die aansuiweringsbegroting aangepas word om aan te toon dat CK 29449 vervang word en nie die GMC nie;

(iv) Dat sleepwa, CEA 1019, van die lys verwyder word.

7.17 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VOORKEUR VERKRYGINGSPROSEDURES: SANS 10142-1 VAKMANOPLEIDING VIR ELEKTRISIëNS

Drie amptenare van die Departement: Elektriese Ingenieursdienste is genomineer om die kursus, “Installation Rules Prep”, vanaf 19 Februarie 2018 tot 2 Maart 2018 te volg. Die amptenare het die kursus suksesvol voltooi en benodig verdere opleiding om as vakman te kwalifiseer.

BESLUIT

(a) Dat die aksie van die Munisipale Bestuurder gekondoneer word met die aanstelling van *West Volt Community Training Institute* vir die verskaffing van vakmanopleiding vir drie amptenare van die Departement: Elektriese Ingenieursdienste;

(b) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosesse soos volg aangeken word:
(i) *West Volt Community Training Institute* is ‘n diensverskaffer wat volle geakkrediteerde opleiding verskaf soos vereis deur die Leereenheid Standaarde vir die periode 26 tot 30 November 2018;
(ii) dit word as onprakties beskou om die formele voorgeskrewe verkrygingsprosesse te volg, aangesien *West Volt Community Training Institute* reeds die inleidende kursus aangebied het;

(c) Dat kennis geneem word dat daar voldoende fondse beskikbaar is en dat die uitgawe van R36 052.50 (BTW uitgesluit) verreken word teen posnommer: 9/213-1195-953 (Training: Efficiency Development);

(d) Dat die Snr Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER